Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

FEBRUARIE 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

BOODSKAP VAN MEEGEVOEL RAADSHEER RUDOLPH SMITH

Dit is met groot hartseer dat Overstrand verneem het van die skielike afsterwe van die Uitvoerende Burgemeester, Rdh Rudolph Smith, wat vroegoggend op Vrydag, 5 Januarie 2018 oorlede is.

Rudolph het in 2009 'n DA-raadslid in Overstrand geword en in 2011 'n Wyksraadslid vir Wyk 8.

In 2014 was hy as Onderburgemeester vir Overstrand verkies en het as Voorsitter vir die Gemeenskapsdiensteportefeulje en op die Overstrand Dissiplinêre Komitee gedien. Ná die munisipale verkiesing in 2016, was hy as Uitvoerende Burgemeester van Overstrand Munisipaliteit verkies.

Rudolph Smith was die beskermheer van die Klub vir Bejaardes in Hawston en die Voorsitter van Hermanus Hoërskool se Beheerliggaam. Die Burgemeester was teen die einde van November verlede jaar met 'n goedaardige breingewas gediagnoseer. Daar was 'n operasie uitgevoer in 'n poging om die massa te verminder, maar hy het dit ongelukkig nie oorleef nie. Mag sy siel in vrede rus.

Brandbestryders is slaggereed vir brandseisoen

BRANDBESTRYDERS IN OPLEIDING: Op die foto is brandbestryders Neil Cloete (agter) en Maxisole Langatye (voor) - besig om te oefen.

Aangesien warm, winderige en droë weerstoestande in die afsienbare toekoms sal heers, is die risiko van wegholveldbrande groter as ooit hierdie jaar.

Ons Brandweer is gereed met voltydse brandweermanne in alle gebiede en 'n groot aantal vrywilliger-brandbestryders. Oefeninge word gereeld uitgevoer om ons brandbestryders voor te berei, maar soos die ou spreekwoord lui: *Voorkoming is beter as genesing*.

Overstrand se Brandweerhoof, Lester Smith, doen 'n beroep op alle inwoners en besoekers om uiters versigtig te wees wat brande betref.

In 'n noodgeval, kontak asseblief Overstrand Brand-, Redding- en Rampbestuur by **028 312 2400**. Meld ook asseblief onmiddellik enige verdagte aktiwiteit by u naaste polisiekantoor aan, of skakel Overstrand Wetstoepassing by **028 313 8996** of **028 313 8000/8111**.

SLUIT AAN BY DIE BIBLIOTEEK

U kan gratis 'n lid word van die biblioteek deur 'n lidmaatskapvorm te voltooi om vir lidmaatskap aansoek te doen.

U moet 'n geldige identiteitsdokument saam met 'n bewys van u woonadres (soos 'n nutsrekening) en 'n maksimum van twee verwysings verskaf.

Indien u namens 'n kind wat jonger as 17 is aansoek doen vir 'n kaart, moet u hul aansoekvorm onderteken en hul identiteitsdokument sowel as u eie saambring.

Indien u 'n huureiendom bewoon, moet u 'n afskrif van die eerste bladsy van u ooreenkoms saambring. Indien u by iemand woon, moet hulle u 'n brief gee waarin verklaar word dat u by hulle woon.

KLEINMOND SKITTER VAN KERSLIGGIEFEES

Dié jaarlikse gebeurtenis het, soos gewoonlik, vroegaand op 11 Desember afgeskop - met kosstalletjies en lewende vermaak deur die Handevat Marimba Orkes, wat 'n wonderlike keurspel van Kersliedjies, kampvuurliedjies en volksliedjies gespeel het.

In haar toespraak, het Rdl Elnora Gillion, burgemeesterskomiteelid vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling, die publiek versoek om hierdie vakansieseisoen deur die gees van Kersfees gelei te word. "Soos wat ons die geboorte van ons Here vier, bid ek dat die lig van liefde en hoop in u weergebore sal word. Vrede en welwillendheid vir u en u geliefdes in hierdie Kersseisoen."

Inwoners en besoekers was verder aangemoedig om dankbaar te wees, nooit die verlede te vergeet nie en die toekoms te vertrou.

"Ons moet nooit te besig wees om te bestaan, dat ons uiteindelik vergeet dat ons moet lewe nie," het sy bygevoeg.

Die feesvieringe was deur raadslid Fanie Krige afgesluit wat sy dank aan die organiseerders, winkeleienaars en inwoners uitgespreek het, vir hul samewerking en ondersteuning.

"Gelukkige Feestyd! Beste wense vir u en u gesin hierdie Kersfees", het hy gesê.

By die Kersliggiefees op Maandag, 11 Desember 2017, is (van links): Overstrand se Areabestuurder: Kleinmond Administrasie - Desmond Lakey, SM van die aand en Hoofklerk: Rekords - Dencil Arendse, Wyk 9 Raadslid - Grant Cohen, Burgemeesterskomiteelid vir Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme - Rdl Elnora Gillion, Toerismebestuurder: Cape Whale Coast - Frieda Lloyd, Toerismebestuurder: Hangklip-Kleinmond - Anecia Abrahams en Wyk 10 Raadslid - Fanie Krige.

NUUTSTE OOR HERMANUS VLAK 1-BEPERKINGS

Teen die einde van Desember 2017 was die De Bosdam se vlak op 56.7%, teenoor 62.9% teen einde 2017 en 87.9% teen einde 2016.

Hermanus het gedurende Desember 2017 3.2 mm reën gehad met 'n totaal van 502.9 mm in 2017, in vergelyking met die langtermyngemiddelde van 620 mm per jaar.

Hermanus se gemiddelde daaglikse wateraanvraag gedurende Desember 2017 was 13.0 miljoen liter per dag, vergeleke met 15.98 miljoen liter per dag gedurende Desember 2016. Dit is 'n besparing van 18.6% of 92.1 miljoen liter water in Desember, in vergelyking met die vorige jaar.

Die goeie samewerking en verantwoordelikheidsin wat deur verbruikers geopenbaar is sedert die ingebruikneming van waterbeperkings in Hermanus, is lofwaardig.

Die Buffelsrivierdam, wat water aan Rooi-Els, Pringlebaai en Bettiesbaai voorsien, is steeds tot 93% van die kapasiteit vol, die Kraaiboschdam in Gansbaai op 91.6% en die Pearly Beach-dam op 85%. Die droogte het op hierdie stadium geen nadelige invloed op die boorgate wat Hermanus, Stanford, Baardskeerdersbos en Buffeljagsbaai voorsien nie.

Die Overstrand Munisipaliteit monitor voortdurend die watersituasie in al sy voorsieningsareas, en bykomende maatreëls sal geneem word wanneer dit nodig geag word.

Ons benodig u hulp om onregmatige storting op gemeenskaplike grond en oop erwe in Overstrand te stop

Sien asseblief die onderstaande lys van fasiliteite waar huishoudelike afval, teen geen koste aan die publiek, aanvaar word. Let wel, klein hoeveelhede bourommel (*bakkiebouers*) van 0 tot 1 ton, algemene en tuinafval, sowel as industriële afval, kan ook hier gestort word. 'n Stortingsfooi mag egter van toepassing wees, afhangend van die hoeveelheid en tipe afval. Bourommel van meer as een ton kan by Karwyderskraal-stortingsterrein afgelaai word. Naweekbesoekers word ook versoek om van een van die volgende oorlaaistasies gebruik te maak vir die storting van huishoudelike afval.

Vir u gerief, is die oorlaaistasies ook gedurende weeksdae oop vanaf 08:00 en op Saterdae en vakansiedae vanaf 09:00.

Om u te herinner waar u algemene afval kan stort:

OORLAAISTASIE	DAG	TYD
KLEINMOND: KLEINMOND OORLAAISTASIE, HOOFWEG		
Kleinmond Oorlaaistasie	Maandae - Vrydae	07:30 - 18:00
	Naweke & publieke vakansiedae	07:30 - 16:30
Bettiesbaai Aflaaipunt	Maandae - Sondae	08:00 - 16:00
HERMANUS: HERMANUS OORLAAISTASIE, SWARTDAMWEG		
Hermanus Oorlaaistasie	Maandae - Vrydae	08:00 - 18:00
	Saterdae	09:00 - 16:00
	Publieke vakansiedae	09:00 - 14:00
Voëlklip Aflaaipunt	Maandae	08:00 - 16:00
	Dinsdae - Vrydae	08:00 - 18:00
	Saterdae	09:00 - 16:00
	Publieke vakansiedae	09:00 - 14:00
Hawston Aflaaipunt	Maandae - Vrydae	08:00 - 18:00
	Saterdae	09:00 - 16:00
	Publieke vakansiedae	09:00 - 14:00
STANFORD: STANFORD, RIVIERSTRAAT, INDUSTRIËLEGEBIED		
Stanford Aflaaipunt	Maandae - Vrydae	08:00 - 17:00
	Saterdae & publieke vakansiedae	09:00 - 14:00
GANSBAAI: GANSBAAI STORTINGSTERREIN, VOORTREKKERSTRAAT		
Gansbaai Stortingsterrein	Maandae - Vrydae	08:00 - 18:00
	Saterdae & publieke vakansiedae	08:00 - 16:00
Pearly Beach Aflaaipunt	Maandae - Vrydae	08:00 - 17:00
	Saterdae & publieke vakansiedae	09:00 - 14:00

As deel van 'n proeflopie was bykomende grootskaalse afvalbakke op strategiese plekke geplaas in Franskraal (Rossouwstraat), Kleinbaai (Perlemoenstraat), Blompark (Kampeerweg) en Masakhane. Dit was om in vakansiegangers se behoefte te voorsien, wie se huishoudelike afval nie op die geskeduleerde dae in die betrokke gebiede verwyder kon word nie.

OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK) gaan op Vrydagaand, 9 Februarie, 'n konsert met twee jong Belgiese kunstenaars by die Auditorium in Hermanus aanbied. **Nikolaas Kende** (klavier) en **Jolente De Maeyer** (viool) wat van Antwerpen in België afkomstig is, se vaardighede en tegnieke is 'n groot gunsteling by gehore. Hulle sal *Sonata vir viool en klavier in F Mineur speel, Op. 4* van Felix Mendelssohn; *Romanza vir viool en klavier van Lodewijk Mortelmans, Sonata vir viool en klavier in A mineur, Op. 162 - 'Grand Duo'* van Robert Schumann en laastens, die *Sonata No. 9 in A Mineur, Op. 47 - 'Kreutzer'* van L van Beethoven. Die konsert begin om 19:00. Kaartjies kos R140 per persoon (R60 vir studente) en is beskikbaar by die Toerismekantoor in Mitchellstraat (tel. 028 312 2629). Verdere navrae kan aan die Sekretaresse René du Plooy by tel. 082 940 4238 gerig word.

SUKSES VIR DIE BLOUVLAG-LOODSSTATUS BY CASTLE BEACH

Overstrand Munisipaliteit, veral die Gansbaai Administrasie, is ongelooflik trots en geëerd om 'n loodsstatus vir Pearly Beach te ontvang. Die Omgewingsbeampte - Benjamin Kondokter, Areabestuurder: Gansbaai Administrasie - Francois Myburgh, Tuinboukundige en Blouvlagkoördineerder - Lauren Rainbird, Onderburgemeester - Dudley Coetzee en 'n paar besoekers, geniet die dag op die strand.

Nie net is Blouvlagstatus weer aan Grotto, Hawston en Kleinmond toegeken nie - maar Castle Beach in Pearly Beach het vir die eerste keer 'n blouvlag-loodsstatus ontvang! Die loodsperiode vir Castle Beach het op 15 Januarie 2018 geëindig. Loodsstrande is nie verplig om aan alle Blouvlag-vereistes te voldoen nie, maar moet poog om binne 'n tydperk van twee jaar aan fundamentele elemente soos waterkwaliteit, omgewingsopvoeding en -inligting, strand- en omgewingsbestuur, en veiligheid en dienste te voldoen, om 'n kans te staan om uiteindelik volle Blouvlagstatus te verkry. Elke Blouvlag-terrein is verplig om gedurende die jaar verskeie omgewingsopvoedingsaktiwiteite uit te voer, en om effektiewe en doeltreffende bewaringsbestuur te beoefen.

Die akkreditasie word vir een seisoen op 'n keer toegeken en as toestande op die strand verswak, kan dit teruggetrek word.

Grotto se Blouvlagstatus het op 1 Desember ingeskop en bly van krag tot 31 Maart 2018. In die geval van Hawston en Kleinmond, was hierdie status tot 15 Januarie 2018. Daar moet kennis geneem word dat geen troeteldiere vir die duur van die Blouvlag-strande toegelaat word nie, en dat die gebruik en/of besit van enige alkoholiese drank in alle openbare gebiede, insluitend strande, streng verbied word. Lewensreddings- en sekuriteitsdienste sal vir die duur van die vakansieseisoen ten volle operasioneel wees op die voorgestelde strande, sowel as by die twee munisipale swembaddens, naamlik dié in Hawston (langs die kampeerterrein) en Hermanus (Zwelihle).

REDDINGSOPLEIDING - OEFENSUKSES

'n Gesamentlike reddingsaksie-opleidingsoefening was in Desember by die Fernkloof-natuurreservaat uitgevoer, om die verskillende reddingspanne wat betrokke was se soekvaardighede te slyp en hulle reddingsvermoë op te knap. Volgens Angelo Aplon, Assistent-Brandweerhoof: Operasioneel en Opleiding, was die oefening 'n proefsoektog- en reddingsoperasie wat op 'n vorige scenario gebaseer was, en een wat waarskynlik weer kan gebeur. "Hierdie oefeninge help om te verseker dat personeel en vrywilligers dwarsdeur die Overberg-streek, wat in die nood- en reddingsdiensteveld werk, met hul rolle en verantwoordelikhede bekend is wanneer 'n soek- en reddingsnoodgeval hom voordoen", het hy bygevoeg. Overstrand Brandbestryders, Omgewingsbeamptes, Verkeers- en Wetstoepassingsbeamptes - insluitend lede van die Taakspan - asook Wes-Kaapse Mediese Nooddienste en Hermanus NSRI-stasie 17, het aan die reddingsoperasie deelgeneem, wat 'n sukses was.

Skakel vir hulp in 'n noodgeval

Enige ongevalle of noodoproep ten opsigte van verdrinking of ongelukke kan by die Munisipaliteit se 24-uur SLEGS NOODGEVAL-nommer by 028 312 2400 aangemeld word.

Vir dag-tot-dag wetstoepassingsklagtes, skakel 028 313 8996.

Vir algemene navrae, skakel Overstrand se beheerkamer by 028 313 8000/8111.

NSRI: 082 990 5967

EMR PRIVAAT-AMBULANS: 076 585 0899

AMBULANS – PROVINSIAAL: 028 312 3219

INWONERS GEE SAMEWERKING

Die Overstrand Munisipaliteit wil graag die inwoners van die Overstrand bedank vir hul samewerking tydens die feestyd toe 'n versoek gerig was om nie vuurwerke te hê nie, en veral tydens die Oujaarsaandvieringe. Vuurwerke was gedurende die somer in die Overstrand verban, aangesien die droogte tot uiters hoë brandrisiko-toestande kon lei. Daar was min voorvalle en geringe steurings. Die Direktoraat vir Beskermingsdienste het berig dat die Nuwejaarfeesvieringe redelik goed afgeloop het, en het lede van die publiek bedank vir hul samewerking om die veiligheid van ons hele streek te verseker.